Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# AFRIKAANS HUISTAAL

## HERSIENINGSBOEK
## 2025 KWARTAAL 2

## Graad 12

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat in Graad 12 onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

Die hersieningsprogram handel oor die volgende onderwerpe:

- Vraestel 1, Afdeling C, Vraag 3, 4 en 5 (Taalstrukture en -konvensies)
- Vraestel 2, Afdeling A (Gedigte)

**Voorspoed met take en eksamen!**

## VRAESTEL EEN, AFDELING C (TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES)

Let Wel:

- In hierdie deel van die hersieningsboek kry jy wenke oor hoe jy die vrae en beantwoording daarvan in die eksamen moet benader.
- Lees die vrae, wenke en verduidelikings by elke vraag deeglik en 2ntwo dan jou 2ntwoord neer.
- Onthou om by elke vraag na die puntetoekenning te kyk wat jou leiding gee oor hoeveel sinne/feite/woorde/dele jy moet 2ntwoord.
- Daar is spasie vir jou 2ntwoord (gebruik 'n potlood vir herhaalde oefening totdat jy suksesvol is).
- Die memorandum is aan die einde van die vraestel (2ntwoo om eers al die vrae te beantwoord en raadpleeg dan die moontlike 2ntwoord/-e)

Kom ***LEER*** en geniet die hersiening!

**VRAAG 3 ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS C) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

**A**




**B**




**C**

**Het jy geweet dat Jungle Hawermout beta-glukaanvesel bevat?**

Dit is bekend dat vesel kan bydra tot die verlaging van bloed<u>kolesterol</u>vlakke. Oplosbare vesel van voedselsoorte soos Jungle Hawermout, Jungle se groot Tigervlokkies en Jungle Hawermoutsemels vorm deel van 'n dieet wat laag is in versadigde vet en <u>kolesterol</u>, en kan die risiko van hartsiektes verminder. 3 gr Beta-glukaan per dag is al wat jy benodig. Geniet 'n heerlike en voedsame bakkie Jungle Hawermout en geniet die lewe met 'n gesonde hart!

[Uit: ***kookenkuier***, Oktober 2019]

3.1 Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit reëls 5 tot 7 van die advertensie neer wat aansluit by die woorde in deel **A**. (1)

*Ontleding: **Skryf** (jou opdrag is "skryf (dit) neer"), **drie (**nie minder of meer nie) **opeenvolgende** (woorde moet langs mekaar staan) **woorde** (nie 'n sin nie) **Reëls 5-7**: jou antwoord/drie woorde moet uit hierdie reëls kom en **aansluit** (verband hou met / ooreenstem met) by woorde in **deel A.***

*Onthou: indien jy net twee woorde skryf verbeur jy die punt. Jy kan slegs die drie (3) woorde **skryf** of die **sinsdeel** neerskryf en slegs die **drie (3) woorde onderstreep**.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

3.2 Hoe sluit die visuele voorstelling van die advertensie by deel **A** aan by die geskrewe teks in deel **C**? (1)

*Ontleding: **Hoe** (jy moet verduidelik/'n sin gee/verklaar) **sluit aan** (hou verband/stem ooreen) **by die teks** (sinne/paragraaf) en **visuele voorstelling** (foto/prentjie/skets/illustrasie).*

*Onthou: jy hoef nie 'n volsin te skryf nie, maar die betekenis moet duidelik wees.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………..

3.3 Gebruik die homofoon van die woord ***hart*** in *deel* **A** van die advertensie in 'n verduidelikende sin. (2)

*Ontleding: **Gebruik** (jy moet die spesifieke woord gebruik om jou antwoord te skryf)*

***homofoon** (Dit is woorde waarvan die **uitspraak** dieselfde is, maar die **spelling** en **betekenis** verskil bv. Ons **reis** per trein. Ons eet baie **rys**.). Ken jou **Betekenisleer**.*

*Onthou: **hard** - dit is die woord wat jy in 'n verduidelikende sin moet gebruik.*

Antwoord:………………………………………………………………………………

3.4 Dink jy die **B**-deel van die advertensie is funksioneel. Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

*Ontleding: **Dink jy** – hier moet jy jou eie mening of opinie gee.*

***B-deel** –jy moet na die spesifieke teksdeel verwys.*

***funksioneel** – woordkennis is baie belangrik. Hier moet jy sê of die teksdeel gepas is al dan nie.*

*Onthou: jy moet eers Ja of Nee antwoord en dan twee (2) redes verskaf/neerskryf.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………

3.5 Gee die intensiewe vorm van *bekend* in reël 2 van deel **C** in die advertensie. (1)

*Ontleding: die opdragwoord- **Gee**- beteken jy moet die antwoord voorsien/verskaf*

***intensiewe vorm:*** *is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad, maar moet ook nie verwar word met trappe van vergelyking nie. Ons skryf hierdie vorm altyd vas (as een woord), behalwe by* ***wawyd oop*** *en* ***nugter wakker****. Skryf jou antwoord só neer dat die nasiener nie moet twyfel of dit los of vas geskryf is nie, bv. doodhonger; wondermooi; hemelhoog; plankdun; rietskraal; windskeef; broodnodig; propvol; stampvol; dolgelukkig…*
*Onthou: jy moet die intensiewe vorm van* ***bekend*** *in reël 2 nou neerskryf. (vas geskryf)*
Antwoord:…………………………………………………………………………………

3.6 *Kolesterol* in reëls 2 en 5 van deel **C** in die advertensie en *cholesterol* is woorde wat verskillend gespel word, maar hul betekenis is dieselfde. Wat word sulke woorde genoem? (1)
*Ontleding:* ***Wat****: jy moet die term gee/benoem/voorsien/neerskryf vir:* ***woorde*** *wat* ***verskillend gespel*** *word maar hul* ***betekenis*** *is* ***dieselfde.****Dit is woorde met 'n* ***alternatiewe spelling*** *bv.* ***aalwyn – aalwee.*** *Onthou: jy moet slegs die term of benaming gee/neerskryf. Ken jou* ***Betekenisleer****.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………..

3.7 Skryf die meervoud van ***dieet*** reël 4 van deel **C** in die advertensie neer. (1)
Ontleding: ***Skryf***: jy moet voorsien/gee/benoem/neerskryf. ***Meervoud***: ken jou spelreëls by meervoude. 'n ***Deelteken*** word gebruik vir ***korrekte uitspraak*** by meervoude soos ***priële.***
Onthou: Jy moet jou spelreëls ken en jou kennis van woorde en hul spelling opskerp.

Antwoord: ………………………………………………………………………………..

3.8 Is die woord, *hartsiektes*, in reël 5 van deel **C** in die advertensie gevorm deur middel van (afleiding/samestellende afleiding)? (1)
*Ontleding: - By dié vraag moet jy net die* ***korrekte antwoord*** *tussen hakies* ***kies****. Jy moet die verskil tussen afleiding en samestellende afleiding ken.*
***Afleiding*** *is vorming van 'n nuwe woord waardeur voor- of agtervoegsels by 'n stam of basis gevoeg word bv. werker (werk =stam/basis + -er = agtervoegsel). 'n Afleiding bestaan dus uit 'n stam /basis plus minstens een v****oorvoegsel*** *of* ***agtervoegsel*** *bv.* ***verhuis.***
***Samestellende Afleiding*** *bestaan uit 2 of meer stamme +* ***voorvoegsel*** *en/ of a****gtervoegsel bv.*** *feeswenke (fees (stam) wenk (stam) –e (morfeem).*
*Onthou: Hierdie afdeling is morfologie wat met vorming van woorde te doen het en is dit belangrik dat jy die terme en aspekte moet* ***LEER*** *en* ***KEN*** *en* ***Toepas***

Antwoord:…………………………………………………………………………………

**[10]**

**VRAAG 4**

Bestudeer TEKS D en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




4.1 Benoem die woordsoort ***ons*** (spraakborrel 1) volledig. (1)

*Ontleding: By hierdie vraag moet jy jou kennis van Woordsoorte demonstreer.* ***Ons*** *staan in plek van die eiename(bv. Piet en Sarel) daarom is dit die Voornaamwoord. Om die antwoord* ***volledig*** *te gee, verwag die eksaminator iets meer spesifieks. Onthou jy nog die eselsbruggie op bl 1) in jou Hersieningspakket (Kw 2)?* ***Voornaamwoord (vnw.) [ B P B****ou* ***A****lle* ***O****nderdele* ***O****orsee* ***W****aar* ***W****erkers* ***V****innig (is)***]** *Daar is dus 10 verskillende soorte voornaamwoorde. Jy gaan nou die toets uitvoer om te bepaal watter soort vnw. is: Staan dit in die plek van 'n naam? Indien ja, weet jy dat dit 'n Persoonlike voornaamwoord is.*

Antwoord:……………………………………………………………………………………

4.2 Skryf 'n meer neutrale woord vir die woord "*vat*" (spraakborrel 1) in die strokie neer. (1)

*Jou kennis van Kritiese Taalbewustheid (KTB) word in hierdie vraag getoets. "Vat" is 'n aanduiding van informele taal en grens aan onbeleefdheid/ gulsigheid/ ongema-nierdheid. I.p.v. die woord "vat" kan die spreker 'n meer aanvaarbare of beleefde aanspreekvorm - " neem" of "koop" gebruik.*

Antwoord:……………………………………………………………………………………

4.3 Gee 'n suiwer Afrikaanse woord vir "*warmbrakke*" (Raampie 1). (1)

*"Warmbrakke" is direk van "hotdogs" afgelei. Die suiwer Afrikaanse woord is dan worsrolletjies.*

Antwoord:……………………………………………………………………………………

4.4 Herskryf die volgende sin in die lydende vorm: (1)
Verkoop warmbrakke teen halfprys.

*Probeer eers die sin verstaan voordat jy dit na die lydende vorm verander. Jy wil sê dat die smous die warmbrakke teen halfprys verkoop. Hoe skryf jy 'n sin in die lydende vorm indien dit geen onderwerp het nie en boonop in die teenwoordige tyd is?*

- *Bepaal wat die Onderwerp, Gesegde en Voorwerp van die gegewe sin is (Dui dit aan met O, G en V).*

  *Verkoop + warmbrakke teen halfprys.*
  *G + V*

  *Is daar 'n onderwerp in die sin? Nee. Daar is geen onderwerp nie.*
- ❖ *Bepaal in watter TYD die gegewe sin geskryf is (Die tyd word deur die gesegde aangedui). Onderstreep die werkwoord in die sin.*
  *Teenwoordige tyd = "verkoop" verander na "word verkoop"*
- ❖ *Skryf die sin in die lydende vorm deur die O en V plekke te laat ruil. Die woord "daar" word gebruik indien die sin geen onderwerp het nie.*
  *Voorbeeld: Daar word warmbrakke teen halfprys verkoop.*
- ❖ *Sorg dat die "nuwe" sin se **betekenis** en **tyd** dieselfde is as dié van die gegewe sin.*

Antwoord:……………………………………………………………………………………

4.5. Verwys na RAAMPIE 2.

4.5.1 Gebruik die kern van die samestelling "*halfprys*" in 'n ander samestelling waar dit die bepaler is en gebruik dit in 'n verduidelikende sin. (2)
*Die woord "halfprys" is 'n samestelling, want dit het twee stamme, nl. half (stam) + prys (stam). In die samestelling "halfprys" is "half" die bepaler en "prys" die kern. Jy moet dus nou weet om die kern "prys" te neem en 'n nuwe samestelling te vorm MAAR hierdie keer moet "prys" die bepaler wees, d.w.s die samesteling moet so lyk "prys_____" en jy moet dit in 'n goeie sin gebruik. 'n Goeie /verduidelikende sin is 'n sin waarin die betekenis van die woord duidelik na vore kom.*
Antwoord:………………………………………………………………………………………

4.5.2 Watter emosie word deur die lyftaal van die persoon in die voertuig (Raampie 2) weerspieel? (1)
*Jou visuele geletterdheid word getoets. Kan jy afleidings maak van merkers/ tekens op 'n prent/ grafika, bv.woede /verliefdheid/ moedeloos/ hartseer/ geskok/verbaas.*
Antwoord:………………………………………………………………………………………

4.5.3 Gee 'n bewys om jou antwoord vir 4.5.2 te motiveer. (1)
*Jy moet die merker beskryf wat jy waargeneem het om jou afleiding te staaf. Die persoon in die voertuig se oë is groot/ haar mond is oopgesper van verbasing, ens.*

4.6 Herskryf die woorde (spraakborrel 3) in die indirekte rede. (1)
Begin met: Die smous sê…

*Sinsleer ( indirekte rede word getoets. Jy moet begin met die wenk. Die smous sê dat dit daardie dag die gesonde alternatief is/ Die smous sê dat dit daardie dag se gesonde alternatief is. "Vandag" word "daardie dag".*
Antwoord:……………………………………………………………………………………

4.7 Verklaar die betekenis van "*alternatief*" (spraakborrel 3) binne konteks van die strokie. (1)
*Lees weer die leesstuk. Binne hierdie konteks beteken dat jy na die inhoud van die strokie moet kyk en sê hoe pas die woord wat gebruik is by die situasie wat geskets word. Die smous verkoop worsrolle, maar in die volgende strokie sien ons die worsrolle wat hy verkoop, het geen wors in nie. Die koper moet dus met die beste uit twee moontlikhede/keuses (met of sonder worsrolle) tevrede wees.*
Antwoord:……………………………………………………………………………………

**[10]**

**VRAAG 5 ARTIKEL**

Bestudeer TEKS E en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

**Krap jy nog kop oor watter kosse om te vermy wanneer jy 'n gesonde, gebalanseerde dieet wil volg?**

1 Wel, die fiksheidsafrigter Jonathan Ross van die Telluride WOW-fiksheidsfees in Amerika het 'n paar waardevolle wenke oor eetreëls met die webtuiste popsugar.com gedeel, veral waarvan jy moet wegbly.

2 Sy eerste wenk blyk om nie jou kalorieë in vloeistofvorm in te neem nie. Party sappe en skommels is propvol daarvan, al word dit as 'n gesonde opsie bemark. Talle bevat baie suiker, wat beteken dit het eintlik leë voedingstowwe wat net die vet om jou middel gaan laat aanpak.

3 Maar Jonathan keur wel sekere skommels goed, mits dit hope vesel, proteïen en gesonde vette bevat – goed soos hennep-proteïenpoeier en blaargroente soos spinasie, asook avokado.

4 Hy raai ook aan dat jy nooit etes oorslaan nie omdat dit die **verkeerde en slegte** benadering is as jy jou lyf wil verander. Om nie te eet nie beteken nie jy sal gewig afskud nie, en dit kan selfs lei tot 'n vergryping aan kos nadat jy jouself te lank uitgehonger het. "<u>Dis die beste manier om gewig te verloor</u> en die metabolisme aan die gang te hou."

5 Pleks van die gewone roetine van peuselhappie, middagete en aandete, stel hy voor jy eet eerder vier tot ses klein proteïenryke etes per dag. Nog iets om te vermy? Gebraaide kosse. Jonathan sê dis vol transvette wat "vernietigend" vir die liggaam is. Hy stel ook voor

jy los die suiker en grane saans.

6 Dis ongemaklik om op 'n vol maag te lê en omdat die stysels en grane jou 'n energie-hupstoot gee, is dit beter om soggens te eet om die dag af te skop. Sy wenke val saam met nuwe navorsing wat daarop dui dat gort 'n uitstekende graansoort vir hartgesondheid is. Kenners aan die St. Michael-Hospitaal in Toronto het 14 studies wat oor sewe lande uitgevoer is, bestudeer en gekyk watter impak gort op laedigtheid-lipoproteïen (LDL) en nie-hoëdigtheid-lipoproteïen (nie-HDL) het. Lipoproteïen is 'n groep proteïene wat kombineer met vet en dit in die bloed vervoer. Gort het albei vlakke met 7 persent laat daal en word nou die nuwe "superkos" genoem.

[Uit: ***Huisgenoot***, 26 Mei 2016]

5.1 Wat beteken die uitdrukking "*krap jy nog kop*" in die opskrif van TEKS E? (1)

*Alternatief gestel: Word die opskrif letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik jou antwoord. Onthou as jy letterlik jou kop krap soek jy dalk vir luise! Uitdrukking sê klaar dit is 'n idioom. As jy sukkel om te verklaar, lees die stuk deur en probeer aflei – jy sukkel om te bepaal watter kosse jy moet eet.*

Antwoord:……………………………………………………………………………

5.2 Skryf 'n woord uit paragraaf 1 neer wat moontlik 'n nuutskepping/neologisme kan wees. (1)

*Nuutskeppings is woorde wat ontwikkel moes word in ons taal vir goed wat nie bestaan het in die tyd toe die afrikaanse woordeskat ontwikkel is nie. Rekenaarterminologie is relatief nuut, so daar moes 'n afrikaanse woord geskep word. Met die inperking van Covid 19 is reeds neologismes ontwikkel soos "koeshoes" wanneer mense koes as iemand hoes; "Inperkbeserk" wanneer jy bietjie mal word van die isolasie; "Moetgoed" vir noodsaaklike goed wat jy moet hê.*

Antwoord:………………………………………………………………………………

5.3 Watter soort bysin tref ons in sin 1 van paragraaf 2 aan? (1)

*Die vraag is soort bysin: die hou verband met die ontleding van saamgestelde sinne. Dit kan net 1 van 5 wees: bywoordelik bysin, byvoeglike bysin, gesegdesin, voorwerpsin, onderwerpsin. Hierdie een is maklik as jy jou reëls ken: Na 'n koppelwerkwoord volg 'n gesegdesin. Dink aan jou koppelwerkwoorde: is, was, word, lyk blyk skyn heet, klink.*

Antwoord:…………………………………………………………………………………

5.4 Verwys na "*aanpak*" in paragraaf 2.

5.4.1 Word die woord denotatief of konnotatief gebruik? (1)

*Belangrik om 'n voorbeeld te ken sodat jy nie deurmekaar raak met denotatief en konnotatief nie. Bv. Springbok is 'n boksoort – soos jy in die woordeboek sal naslaan, maar wat is die konneksie/konnotasie wat jy*

*met Springbok het? Dis die rugbyspan van SA. (DENOTATIEF – LETTERLIK EN KONNOTATIEF - FIGUURLIK)*
*Lees nou die voorbeeld in die paragraaf. Sien jy hoe daardie vetrolle een vir een op mekaar pak. D.w.s. dis letterlik = denotatief*
Antwoord:………………………………………………………………………………

5.4.2 Gebruik "*aanpak*" in 'n verduidelikende sin om die teenoorgestelde gebruik aan te dui. (1)
*Jy word gevra om in sin te maak met die woord sodat dit nou konnotatief (d.w.s. die teenoorgestelde van die antwoord by 5.4.1) gebruik word. "Aanpak" is 'n skeibare werkwoord, so jy kan dit in jou sin skei: pak iets aan. Byvoorbeeld: Ek pak die werk met al my krag aan. Toets jou sin deur te kyk of jy dit letterlik kan doen. As jy nie kan nie, weet jy dit is konnotatief.*
Antwoord:………………………………………………………………………………

5.5 Skryf die eerste woord in paragraaf 3 waar ontronding kan voorkom, in sy ontrondingsvorm neer. (1)
*As jy ontronding sien, moet jy weet dis 'n klankverskynsel en het met uitspraak te doen. Oorronding is die teenoorgestelde. Dink aan jou eie voorbeeld en sien die mond: ontrond raak die mond plat. Bv. tuin raak tein. (soos ons Bolanders praat) Dit vind gewoonlik by die **ui**- en **eu**-klanke plaas.*
*Jy moet die EERSTE woord in par. 3 neerskryf waar ontronding voorkom daarom moet jy elke woord gaan toets van die begin van die paragraaf af.*
Antwoord:………………………………………………………………………………

5.6 Wat noem ons die taalverskynsel soos die vetgedrukte woorde in par. 4? (1)
*Taalverskynsels is leerwerk. Jy moet jou lysie van taalverskynsels kan neerskryf: (PLANKVAT: pleonasme, leengoed, argaïsme, neologisme, kontaminasie, volksetimologie, analogie, toutologie) Kry vir jou 'n voorbeeld. om by elkeen te onthou.*
*Bekyk nou die vraag – slegte en verkeerde: Gaan daar 'n liggie op? Ja, dit beteken dan altwee negatief, een van die woorde is oorbodig = woordoortolligheid net soos **ek, persoonlik myself voel**.....OF dis die mees interessantste boek en die "beroemde'' een – ronde sirkel. (Met ons gemengde afrikaans en engels kom daar snaakse verskynsels soos **agteruit reverse** voor!)*
Antwoord:………………………………………………………………………………

5.7 Skryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 4 in die aanvoegende/ toevoegende wyse. (1)
*Kophou: Dink aan sinstipes. Stelsin is aantonende wyse, Bevelsin is gebiedende wyse, vraagsin is vraende wyse, Wenssin is toevoegend of aanvoegend.*

*Jou vraag is toevoegend d.w.s. dit moet 'n moontlikheid/waarskynlikheid aandui. 'n Wens begin gewoonlik met die woordjie* ***mag****. (as jy vir iemand seën toewens: Mag jy 'n goeie dag hê. Was ek maar slim. As ek maar beter geluister het is nog voorbeelde. .(Twee wense wat nogal baie gedink word tydens 'n eksamen!) Skryf nou die onderstreepte gedeelte in 'n "wensvorm".*

Antwoord:…………………………………………………………………………………

5.8 Skryf die korrekte afkorting vir ***per dag*** paragraaf 5 neer. (1)

*Afkortings kan jou punte kos as jy nie die reëls van punte in Afrikaans ken nie!!*

*In Afrikaans kry algemene afkortings punte (anders as in Engels) Slegs akronieme bv. UNISA en die SI-eenhede (internasionale meeteenhede) soos km, g ens. word SONDER punte geskryf.*

*Jy gaan dus die punt verbeur as jy nie na die p. en die d. 'n punt plaas nie.*

Antwoord:…………………………………………………………………………………

5.9 Herskryf die onderstaande sin in paragraaf 5 in die ontkennende vorm.

Nog iets om te vermy? (1)

By ontkenning moet ons 'n paar goed onthou: die dubbele nie en dan vorms soos iemand wat niemand raak, iets wat niks raak, ooit wat nooit raak, iewers wat nêrens raak, al ooit wat nog nooit raak, óf.. óf wat nóg...nóg raak.

Baie belangrik: As die vraag in 'n vraagsin is, moet jy dit nie ontkennend beantwoord nie. **Nee, daar is nie nog iets om te vermy nie** is dus verkeerd. Behou die vraagsin in jou antwoord.

Antwoord:…………………………………………………………………………………

**[10]**

**Neem gou 'n paar minut.**

**Luister gou Hierna:** (Bron: Youtube)

[https://drive.google.com/file/d/1KO2LceBKdBB9zT4nsV6xOyrxwq70TpQ4/view?usp=sharing](https://drive.google.com/file/d/1KO2LceBKdBB9zT4nsV6xOyrxwq70TpQ4/view?usp=sharing)

**Hersien gou jou antwoorde nou voordat jy na die riglyne kyk.**

**MEMORANDUM**

| VRAAG 3 | | |
|---|---|---|
| **Nr** | **Antwoord** | **Punt** |
| 3.1 | 'n gesonde hart / geniet die lewe ✓ | 1 |
| 3.2 | Die visuele is 'n hart en in die teks staan die woord “hart”. ✓ | 1 |
| 3.3 | Die geluid was so <u>hard</u> jy kon dit 400m daarvandaan hoor. ✓✓ | 2 |
| 3.4 | Ja<br><br>Dit stel die produk bekend aan die leser. ✓<br>Die verpakking is juis daar om die leser te oorreed om die produk te koop. ✓<br><br>*Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan EEN punt elk aan.*<br>*Kandidaat kan nie 'n NEE antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 3.5 | wêreldbekend/alombekend✓ | 1 |
| 3.6 | wisselvorme ✓ | 1 |
| 3.7 | diëte ✓ | 1 |
| 3.8 | samestellende afleiding ✓ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| **VRAAG 4** | | |
| **Nr** | **Antwoord** | **Punt** |
| 4.1 | Persoonlike voornaamwoord ✓ | 1 |
| 4.2 | koop /neem✓ | 1 |
| 4.3 | worsrolletjies/worsbroodjies ✓ | 1 |
| 4.4 | Daar word worsrolle teen halfprys verkoop.✓<br>Warmbrakke word teen halfprys verkoop. | 1 |
| 4.5.1 | Maak ‘n verduidelikende sin met:<br>prysgeld/pryslied/prysvraag/prysroman/prys<br>Voorbeeldsin: Hy het met sy prysgeld ‘n pragtige motor gekoop. ✓✓ | 2 |
| 4.5.2 | Skok/verbasing ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.3 | oë is groot/mond is lank ✓ | 1 |
| 4.6 | Die smous sê dat dit daardie dag se gesonde alternatief is.✓ | 1 |
| 4.7 | Die worsrolletjie sonder wors is die tweede (een van twee)keuse(s). / Die worsrolletjie sonder wors is een van die moontlikhede. ✓ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| **VRAAG 5** | | |
| **Nr** | **Antwoord** | **Punt** |
| 5.1 | Probeer jy nog die probleem oplos?/Probeer jy jou nog verstandelik inspan?/Dink jy nog steeds diep na?/Vind jy dit nog moeilik? ✓ | 1 |
| 5.2 | webtuiste ✓ | 1 |
| 5.3 | Gesegdesin ✓ | 1 |
| 5.4.1 | Denotatief ✓ | 1 |
| 5.4.2 | bv. Ek gaan my probleme sonder vrees aanpak. ✓ | 1 |
| 5.5 | Keer ✓ | 1 |
| 5.6 | Pleonasme/woordoortolligheid ✓ | 1 |
| 5.7 | Mag dit die beste manier wees om gewig te verloor. ✓ | 1 |
| 5.8 | p.d. ✓ (punte op regte plek wees) | 1 |
| 5.9 | Niks meer om te vermy nie? ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAESTEL TWEE, AFDELING A (GEDIGTE)

Let Wel:

- In hierdie afdeling van die hersieningsboek kan jy jou vernuf oor die OPSTELVRAAG asook die beantwoording van VRAAG 5 (Ongesiene gedig), wat KONTEKSTUELE vrae is, hersien. Kandidate behaal goeie punte by Vraag 1.
- Lees die vrae, wenke en verduidelikings by elke vraag deeglik en skryf dan jou antwoord neer.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**27 April 1994 (Vincent Oliphant)**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om 'n lied vir my land
soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel
sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

Die spreker in die gedig maak van beeldspraak en retoriese middele gebruik om sy emosies te verwoord.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

Ontleding van die vraag:
Jy moet die volgende onderstreep:

Spreker: wat die boodskap oordra
beeldspraak: spesifieke gebruik van woorde/beelde om 'n boodskap in die gedig oor te dra. Daar is drie (3) soorte wat jy hier kan noem:

1. Personifikasie: beeldspraak waardeur menslike eienskappe en handelinge aan lewelose dinge, diere of plante toegeken word bv. die mure **kreun**, **die wind** sy deuntjie **sing.**
2. Metafoor: gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf bv. "dun seil" – 'n direkte vergelyking sonder woorde **soos, nes**.
3. Vergelyking: ooreenkoms tussen twee verskillende dinge/sake. Gebruik woorde **soos, nes** of **net so** om dit aan te dui, bv. "om 'n lied vir my land/ soos 'n vlag aan die tong te laat sweef".

Retoriese middele: retoriese vrae, pouses en herhaling wat deur 'n spreker of skrywer gebruik word om doeltreffend te oortuig. Voorbeelde van retoriese middele is retoriese vrae, halfrym (alliterasie en assonnansie), rym, herhaling en polisindeton.

spreker se emosies: sê watter gevoelens die spreker ervaar, op grond van die beeldspraak en die retoriese middele.

Onthou: nou moet jy die voorbeelde van bogenoemde uit die gedig gebruik en dit in 'n OPSTELVORM BESPREEK.

WENKE VIR DIE SKRYF VAN DIE OPSTELVRAAG OOR GEDIGTE:

1. Onderstreep **aanhalings** in die gedig wat jy **as bewyse** in jou opstel gaan/kan gebruik (Terloops, jy moet ten minste 3 tot 4 gedeeltes of versreëls aanhaal);
2. Lees die **vraag** deur om te bepaal waaroor jy moet skryf;
3. **Skryf** jy die opstel na gelang van die vraag. (eers rofwerk)
4. Gebruik die volgende **skryfwyses**: (let op die aksiewoorde)
   - Die spreker ***noem*** reeds in die titel bv. *"27 april 1994"*
   - In versreëls 14 en 15 ***sê*** hy dat hy homself kan sien " soos iemand wat ek nooit geken het nie."
   - Begin met die aanhaling: bv. "*die duif van vrede*" ***wys*** daarop dat …
5. Onthou ook die volgende struktuur:
   - **Inleidende sin**
   - Ten minste 3 – 4 **paragrawe** (word bepaal deur die vereistes van die vraag)
   - **Slotsin**
6. Let wel: **proeflees** altyd jou finale stuk.
7. Jy skryf vir die nasiener: netheid en **leesbaarheid** is noodsaaklik.

**Raamwerk van die opstelvraag**

| Beeldspraak | Voorbeeld uit die gedig | Emosie |
|---|---|---|
| **Metafoor** | ❖ "vou ek die verlede toe" (versreël 1) Die verlede word direk gelyk gestel aan die stembrief.<br>❖ "knyp sy vlerk" (versreël 2). Die stembrief word direk aan 'n duif gelykgestel.<br>❖ "die duif van vrede sy blou vlerke sprei" (versreël 7) Die stembrief word direk gelyk gestel aan 'n duif wat 'n simbool van vrede is.<br>❖ 'n Tyd van vrede lê voor na die verkiesing. | tevredenheid<br>genoeglikheid<br>bevrediging<br><br>vrede |
| **Vergelyking** | ❖ " 'n lied vir my land soos 'n vlag aan die tong…" Twee nasionale simbole word hier uitgebeeld: 'n Nuwe volkslied en 'n nuwe landsvlag waarop die spreker vir die eerste keer waarlik trots kan wees. | vaderlandsliefde;<br>(patriotisme)<br>trots<br>vreugde |
| **Retoriese middele** | **Voorbeeld uit die gedig** | **Emosie** |
| **Herhaling** | ❖ "uiteindelik" (versreëls 1 en 14) - beklemtoon hoe lank die spreker vir hierdie oomblik moes wag<br>❖ "loop" (versreëls 18 tot 21) Beklemtoon die vooruitgang<br>❖ "geskiedenis" (versreëls 3 en 19) Beklemtoon die breek met die verlede; die belangrikheid van die eerste demokratiese verkiesing en die eenheid tussen mense.<br>❖ "vry" (versreëls 6 en 12). Beklemtoon die vryheid | tevredenheid;<br>genoeglikheid<br>bevrediging |
| **Alliterasie** | ❖ v- (versreëls 1, 2, 7, 11, 17)<br>❖ s- (versreël 8)<br>❖ g- (versreël 3, 19)<br>❖ l- (versreëls 9, 18) | Deurlopende v-alliterasie beklemtoon die vryheid en vrede. |
| **Assonansie** | ❖ a- (versreël 11) Beklemtoon die versoening tussen mense | versoening<br>hereniging |

**Luister gerus na die opname:** (Bron: Youtube)
https://drive.google.com/file/d/1OX68wAtOpdcwjm4cWRvCZ3n65mFZ9NgQ/view?usp=sharing

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

In die AFR HT NSS VRAESTEL 2 handel Vraag 5 oor die ongesiene gedig. Hierdie vraag is verpligtend. Jy MOET dus hierdie vraag beantwoord.

**LET WEL: Die volgende vraag kom uit die AFR HT Vr 2 (2019).**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**die duister son – Cas Vos**

Lig soos 'n bruidegom, uit sy slaap
stap die son om die dag te groet.
Met vuur vertel hy dat hy ligvoet
en opgewek deur die heelal sal draf.
Hy glinster op riviere se sagte lywe,
loop rats oor die rante en buk laag
om skadukolle onder bome uit te jaag.
Keer saans laggend na sy kamer terug.
Dit is die sonnige man se daggang
tot die vierde Desember 2002 berig:
hy verloor in Luna* se arms sy lig
en word helder oordag die duister son.

**Latynse benaming vir die maan*  [Bron: *as die son kom oogknip*, 2002]

ONTHOU: Die **<u>ongesiene</u>** gedig is presies dit wat die naam sê – jy het dit nog ***nie*** voorheen ***gesien nie.*** Dit is dus nie een van die voorgeskrewe gedigte nie. Jy moet nou al jou kennis wat jy in die klas verkry het m.b.t. poësie, inspan om die gedig beter te verstaan en om die vrae te kan beantwoord.

***Wenke om op ag te slaan by die ongesiene gedig:***

- ❖ Lees die gedig aandagtig in die geheel deur.
- ❖ Kyk na die titel van die gedig (*<u>die duister son</u>*) – watter verwagting word deur die titel geskep?
- ❖ Probeer die verband tussen die titel en die inhoud van die gedig vasstel. Kyk ook sommer na die bronverwysing - die jaartal en bundel waarin die gedig verskyn het.
- ❖ Lees weer deur elke versreël van die strofe en beantwoord vir jouself die vrae: Wie, wat, waarom en watter t.o.v. hierdie gedig.
- ❖ Soos jy lees, moet jy die beeldspraak en stylfigure probeer identifiseer.

VRAE:

5.1 Na watter tyd van die dag verwys versreël 2? (1)

By hierdie vraag moet jy die inhoud interpreteer. Lees versreël 2 in samehang met versreël 1 – "uit sy slaap/stap die son om die dag te groet" – en jy sal die tyd van die dag kan identifiseer.

ANTWOORD: ………………………………………………………………………………..

5.2 Watter halfrym in versreël 1 en 2 ondersteun die beweging van die son? (1)
Met halfrym wil die eksaminator sien of jy die klankeffekte (alliterasie en assonansie) kan identifiseer en met die gedig in verband kan bring.
Skryf gevraagde versreëls neer en onderstreep die opvallende klankeffek, bv.
"Lig **s**oo**s** 'n bruidegom, uit **s**y **s**laap/ **s**tap die **s**on om die dag te groet."
Die opvallende gebruik van die alliterende "s" is dus duidelik sigbaar.
ANTWOORD: ………………………………………………………………………………..

5.3 Benoem die **beeldspraak** in versreël 1 en versreël 9 **onderskeidelik.** Dink jy die beeld in versreël 9 is **effektief**? Motiveer jou antwoord. (3)
Let op na die puntetoekenning by hierdie vraag, nl. 3 punte.
Jou kennis van literêre aspekte word hier getoets. Maar daar is egter nog 'n woord waarop jy moet let in hierdie eerste sin van die vraag.
***"Onderskeidelik"*** beteken "in die volgorde soos genoem". In hierdie geval moet jy dus eers die beeldspraak in versreël 1 identifiseer en daarna die beeldspraak in versreël 9. Dit sal jou 2 punte in die sak bring.
Baie kandidate is geneig om hier te stop. Die volgende deel van die vraag is ewe belangrik. Jy moet eers begin deur JA/NEE te antwoord. Daarvoor kry jy geen punte nie, maar wel vir jou motivering wat by die JA/NEE aansluit. Die gebruik van ***"effektief"*** in hierdie vraag vereis van die kandidaat om te:

- sê watter effek/uitwerking die gebruik van iets op die leser het.
- sê hoekom werk iets/is iets goed as dit gebruik word.
- sê hoekom iets 'n verwagte resultaat lewer.

**Beantwoord dus 'n vraag oor die effektiwiteit al dan nie van iets deur op een van die volgende maniere te begin:**

- ➢ Die gebruik van ... is effektief, want dit ...
- ➢ Die effek/uitwerking van die gebruik van ... is effektief omdat dit ...
- ➢ Die resultaat wat die gebruik van ... lewer, is effektief, want ...

**Wenk:** Beantwoord 'n stapelvraag se dele in dieselfde volgorde as wat dit gevra is.

ANTWOORD: ………………………………………………………………………………..

5.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 10? (1)
Beantwoord 'n vraag oor die funksie/funksionaliteit al dan nie van iets deur op een van die volgende maniere te begin:

- Die funksie van ... is om ...
- Die ... is funksioneel/is funksioneel aangewend omdat dit …
- Die ... slaag in sy funksie om ...

Jy moet egter die antwoord binne konteks aanbied, d.w.s. watter funksie verrig hierdie dubbelpunt in hierdie versreël.

ANTWOORD: …………………………………………………………………………..

5.5 Hoe verskil die stemming in versreël 11 en 12 van die stemming in versreëls 1 tot 8? Dink jy die verskil is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

Hierdie vraag het 2 dele – let op die 2 vraagtekens. Dit vereis dus antwoorde op twee vrae. Stemming verwys na die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste, byvoorbeeld vergesog, melankolies, vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, somber, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend wees. Jy moet dus die 2 gedeeltes neem en met mekaar vergelyk of kontrasteer.

In deel 2 van jou vraag moet jy motiveer of hierdie stemmingsverskil geslaagd/ suksesvol aangewend is. Jou antwoord lei jy weereens in met 'n JA/NEE. Daarvoor kry jy geen punte nie, maar wel vir jou motivering wat by die JA/NEE aansluit.

**<u>Wenk:</u>** Beantwoord 'n stapelvraag se dele in dieselfde volgorde as wat dit gevra is.

ANTWOORD: …………………………………………………………………………..

5.6 Haal die versreël aan wat die oorsaak vir die "duister son" verwoord. Motiveer jou antwoord. (2)

By hierdie vraag moet jy 'n direkte woorde uit die gedig aanhaal en waarom jy so sê.

ANTWOORD: …………………………………………………………………………..

**[10]**

**Maak net gou seker jy het AL die vrae volledig beantwoord!**

**Memorandum: Vraag 1 Opstelvraag**

**Moontlike inleiding:**

Die spreker verwoord sy gevoelens deur middel van retoriese middele en beeldspraak.

**Liggaam**:

Die metafore “vou ek die verlede toe” (versreël 1) en “knyp sy vlerk” (versreël 2) stel die verlede onderskeidelik gelyk aan ’n stembrief en die stembrief gelyk aan ’n duif. Deur hierdie metafore word die spreker se tevredenheid en bevrediging om uiteindelik te kan stem, aangetoon.

Deur die metafoor in versreël 7 (die duif van vrede”) word die spreker se gevoel van vrede uitgebeeld. Hierdie gevoel van vrede word verder versterk deur die v-alliterasie: “duif van vrede sy blou vlerke sprei”.

In versreëls 9 en 10 gebruik die spreker die vergelyking “om ’n lied vir my land/ soos ’n vlag aan die tong te laat sweef” om sy gevoel van vaderlandstrots en vreugde te beskryf. Die l-alliterasie (lied vir my land) versterk hierdie emosies.

Die woord “uiteindelik” kom in versreëls 1 en 14 voor. Hierdie herhaling beklemtoon hoe lank die spreker vir hierdie oomblik moes wag en dui op sy gevoel van genoeglikheid en bevrediging.

Die herhaling van “geskiedenis” (versreëls 3 en 19) beklemtoon die wegbreek van die verlede en die eenheid tussen mense. Daardeur word die gevoel van versoening aangetoon. Die spreker se gevoel van vryheid word aangetoon deur die herhaling van die woord “vry” (versreëls 6 en 12).

Die spreker gebruik deurlopend v-aliiterasie (versreëls 1, 2, 7, 11 en 17) om sy vryheid, vrede en vreugde te beklemtoon.

Die a- assonansie in versreël 11 (“val van skanse van die vel”) dui op die gevoel van versoening en hereniging wat die spreker ervaar.

**Moontlike slot:**

Deur metafore, vergelyking, woordherhaling en haflrym slaag die spreker daarin om sy gevoelens oor Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing weer te gee.

**/10/**

**Memorandum: Vraag 5 (Ongesiene gedig)**

| **ANTWOORDE:** | | |
|---|---|---|
| **die duister son - Cas Vos** | | |
| 5.1 | Sonsopkoms/**dagbreek**/ vroegoggend | (1) |
| 5.2 | **Alliterasie**/ alliterasie van die s-klank | (1) |
| 5.3 | In versreël 1 word ‘n **vergelyking** gebruik.<br>In versreël 9 word ‘n **metafoor** gebruik<br><br>Ja<br>Dit is ‘n **samevatting** van alles wat in versreëls 1 tot 8 beskryf word./<br>Dit versterk die **personifikasie** wat versreël 1 begin het.<br>Die **woordspeling** met “sonnige” beklemtoon dat dit oor die son handel./<br>“Sonnige” versterk die **stemming**/opgewektheid./<br>Die **sonnige** man word geassosieer met “**bruidegom**”<br><br>*Die kandidaat bied **‘n soortgelyke antwoord** vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan **nie NEE** as antwoord aanbied **nie**.* | (1)<br>(1)<br><br><br><br>(1) |
| 5.4 | Die **dubbelpunt** dui op die verklaring/ **verduideliking** van die **sonsverduistering**/gebeure wat in versreël 11 en 12 plaasvind./ verklaring waarvan op **4 Desember 2002** berig is.<br><br>*Die kandidaat bied die antwoord binne konteks aan.* | (1) |
| 5.5 | Die **stemming** in versreës 1 tot 8 is opgewek/vrolik/lig, maar in versreëls 11 en 12 word dit somber./swaarmoedig./ morbied./**depressief**.<br>*Die kandidaat bied **albei kante** van kontras vir EEN punt aan.*<br>Ja<br>Die verminderde lig/**donkerword**/sonsverduistering lei tot somberheid/ swaarmoedigheid./’n morbiede/**depressie**we gevoel.<br>*Die kandidaat bied **‘n soortgelyke antwoord** vir EEN punt aan.* | (1)<br><br><br>(1) |
| 5.6 | “**hy verloor in Luna se arms sy lig**”<br><br>Die son /man/bruidegom verloor sy lig as gevolg van die maan./<br>**Sonsverduistering** vind plaas.<br>Die maan skuif voor die son in./ Dit word helder oordag donker.<br>*Die kandidaat bied **‘n soortgelyke antwoord** vir EEN punt aan.* | (1)<br><br><br><br>(1) |
| | | **[10]** |

Oefen, oefen, oefen ... totdat jy gereed is vir enige assessering!
Gebruik ***LEEROOMBLIKKE*** (leer kort / een aspek op ‘n slag)
om sukses te behaal.

Onthou matrikulante: ***JOU*** toekoms begin nou …